MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> Streef na vordering, nie perfeksie nie.

# Uit die Hoof se Kantoor

Die jaar is nog in sy kinderskoene en tog voel dit soos maande. Soveel is reeds vermag en soveel geleenthede is vir ons kinders geskep waarby hulle in getalle en met entoesiasme opgedaag het.
Ons is trots op elke leerder se bydrae in die skool. Ons het groot uitdagings wat op ons wag. Een van dié uitdagings is ons swemspan in die A-liga. Om in dié liga te wees is 'n droom wat bewaarheid is en nou moet ons staal wys.
Ons is nou in die pylvak van die atletiek. Ridge se atlete het gewys dat hulle by elke geleentheid die mas opkom en sterk staan.
Die kore, orkeste, revue en redenaars oefen pligsgetrou.
Die wintersport neem eersdaags 'n aanvang. Die beplanning van verskeie toere vorder fluks.
Groot dank aan ons ouers wat hulle gewig by elke geleentheid ingooi.
Ons sien met verwagting uit na die res van die jaar.

## INLIGTING

### ❗ *EDANA* SELFOONTOEPASSING ❗

*Midstream Ridge Laerskool* maak van 'n selfoontoepassing gebruik om met ouers te kommunikeer. Hierdie kommunikasiemiddel vervang ons vorige sms-metode. Dit is van kardinale belang dat ouers asseblief so gou moontlik die toepassing op hul fone laai om sodoende geen belangrike inligting te mis nie.

LAAI DIE EDANA-TOEP AF

### GR. 4-7 OUERMIDDAG

Die Intersenfase het op Maandag, 20 Februarie en Dinsdag, 21 Februarie van 14:00-18:00 ouermiddae. U is welkom om vanaf 13 Februarie, via Ed-Admin, afsprake te maak.

### SPORT- & KULTUURKALENDER 2023

Neem asseblief kennis van die **aangepaste** Sport- en Kultuurkalender vir die jaar.
Klik asseblief op die skakel om die program te besigtig.

SPORT&KULTUUR 2023

# KI-BOOKS

Graag herinner ons u aan *Midstream Ridge Laerskool* se intekening by KiBooks, die aanlynbiblioteek waar leerders van alle ouderdomme, gratis, deur middel van 'n selfoontoepassing, of aanlyn, boeke kan lees.
Klik asseblief op die skakel vir inligting rakende die verbuikersnaam en wagwoord.

KI-BOOKS

# SNR NETBAL

**Inligtingsvergadering: Wanneer?** Maandag, 20 Februarie 2023 **Tyd?** 18:00 **Waar?** Skoolsaal

**Proewe:** **Wie?** Dogters o.10 & o.11 **Wanneer?** Saterdag, 18 Februarie **Tyd?** 08:00-13:00

# *TRUTH* KOSSAKPROJEK

Baie dankie aan ons ouers wat gereeld hierdie projek ondersteun. Klik asseblief op die onderstaande skakel vir datums waarop u maandeliks 'n kossak vir behoeftige families kan skenk.

*TRUTH* KOSSAKPROJEK

# ATLETIEK

## 'N BOODSKAP VANAF DIE ATLETIEKKAPTEIN

H. HAJOS HET GESÊ: "I DIDN'T SET OUT TO BEAT THE WORLD; I JUST SET OUT TO DO MY ABSOLUTE BEST"

BAIE STERKTE AAN AL DIE ATLETE WAT AAN DIE "CLUSTER"-BYEENKOMS GAAN DEELNEEM.

JY HET MET HARDE WERK EN DEURSETTINGSVERMOË TOT HIER GEKOM.

NEEM MET ENTOESIASME DEEL EN HOU ONS SKOOL SE NAAM HOOG DEUR RESPEK TE BETOON EN GOEIE SPORTMANGEES TE OPENBAAR.

RIDGE MAATS, EK WENS JULLE ALLES VAN DIE BESTE TOE. ONS IS TROTS OP JULLE!

#RIDGEGUTS #RIDGETROTS
HEINRICH BECKER



# MRP NASORGSENTRUM




Alle graad 1-7-leerders is welkom om by die naskool aan te sluit. Kontak meneer **Steven Swanepoel** by stevens@midstreamridgeprimary.co.za vir navrae en aansoeke.

Ontmoet ons bekwame span nasorgdames:
vlnr: Azelia Raath, Lorraine Venter, Lilian Chambers, Rita Snyman, Salomé Herselman, Ulrike Coetzee, Bregitta van Wyk en Leandri Ueckermann



# Perdry-Rakkers



Baie geluk aan die *Midstream Ridge* Perdryspan met hul fantastiese uitslae tydens die SANESA Rondte 1 Kwalifiseerder, wat van 4-5 Februarie 2023, by Kyalami, plaasgevind het.

**Zara Pappalardo (7E1)**
**Caitlin Spies (7A3)**
**Lienka Crots (6A2)**
**Alice Spickett (6A3)**
**Mila Kosa (5E1)**
**Rylee Clarke (5E2)**
**Talia Wilson (5E2)**














